***UIT DIE PEN VAN DIE CEO (16/23)***

**(Volg my op Twitter justchad_cga)**

*Justin Chadwick 21 April 2023*

***"We fear things in proportion to our ignorance of them" Christian Nestell Bovee***

## TRANSNET GEREED VIR SEISOEN 2023 (MITCHELL BROOKE)

Transnet doen alles om 'n suksesvolle 2023-sitrusuitvoer veldtog te verseker na aanleiding van drie baie moeilike seisoene. Elke hawe korridorstreek het die 2023-seisoen se afskopvergaderings gehou waarin Transnet planne uiteengesit het wat spesifiek daarop fokus om enige tekortkominge reg te stel wat die afgelope seisoene as belemmerings beskou is. Al die hawe-terminale het, of is besig, om die kapasiteit van die houer "stacks"en inprop kapasiteit te vergroot in ooreenstemming met die 2023-seisoen se uitvoerskattings om terminale se doeltreffendheid te vergroot en krag- of windonderbrekings teen te werk. Die Durbanse hawe het die Bayheadweg-omleidingsbaan geïmplementeer wat sal help om verkeersopeenhopings in DCT te verlig, verkeersbestuur sal ook ingestel word. 'n Sterk fokus op spoorvervoer op die Durbanse korridor word ook vanaf Bela Bela, City Deep, Cato Ridge en Kingsrest na DCT geïmplementeer. Coega-terminaal het goeie maatreëls ingestel om die ontwrigting van wind te bekamp. Die terminaal sal ook hierdie seisoen 'n vragmotor besprekingstelsel implementeer. Ons is ingelig dat verskepingsdienste vanaf Coega- en PE-hawens goed intakt sal wees vir die seisoen, om sodoende te verseker dat marktoegang vanaf die streke se hawens bereikbaar is sonder dat sitrus gedwing sal word om na Durban en Kaapstad vervoer te word. Dit is aangenaam om te rapporteer dat die Kaapstadse hawe die agterstand van die houerskepe opgeklaar het en vanaf Dinsdag 18 April, sal skepe by aankoms vasmeer. Dit is 'n groot verligting vir produsente in die noorde aangesien produk Europa en Noord-Amerika in die kortste moontlike tyd moet bereik; skepe gelaai met sitrus kan nie by Kaapstad opgehou word nie. Die CGA Logistics Update-vergaderings sal vanaf Woensdag 26 April in aanvang neem en elke tweede week gehou word, tensy dit vereis word om meer gereeld gehou te word. Dit sal deur Hesti Botha gekoördineer word en onder voorsitterskap van Dave Watts (Dave is weer vir die komende seisoen gekontrakteer en sal op houerterminaal bedrywighede fokus) wees. Stuur 'n e-pos aan hesti@cga.co.za om by die lys gevoeg te word om 'n uitnodiging sowel as die logistieke verslae te ontvang.

## SITRUS SUMMIT: TEAM CULTURE AND DYNAMICS

Net die openingsegment oor die groot mylpale wat deur die rugbylegende Schalk Burger behaal is, maak hierdie video die moeite werd om te kyk Team Culture and Dynamics (Schalk Burger) + Intro to Mpact; maar daar was ook 'n paar ernstige boodskappe wat afgevaardigdes van hierdie sessie huis toe geneem het. Bekwaam gemodereer deur Andrew Paterson van Mpact (borge van hierdie sessie), het Schalk gepraat oor hoe hy teruggekeer het van 'n ernstige besering, na die wêreldrugby verhoog. Dit is die "resilience" waaroor die sitrusbedryf moet beskik, soos dit die kopwinde moet beveg wat deur baie faktore buite die beheer van bedryfspelers veroorsaak word. Net soos Schalk tye van pyn, operasies en skrikwekkende diagnoses moes verduur; moes sitrusprodusente geo-politieke gebeure verduur wat chaos in die globale voorsieningskettings veroorsaak het, klimaatstoestande wat 'n impak op binnelandse logistiek gehad het, ongeregverdigde fitosanitêre maatreëls, misdaad, opstande en kuberaanvalle; soos Schalk sal die bedryf dit oorkom en terughardloop op die veld om weer die stryd aan te pak. Gryp 'n koppie koffie (of brandewyn en coke) en geniet die video van 40 minute.

## CRI PRODUKSIE-, GEÏNTEGREERDE PLAAG - EN SIEKTEBESTUUR WERKSWINKELS

Produsente word aangemoedig om die CRI Produksie-, Geïntegreerde Plaag- en Siektebestuur-werkswinkels by te woon wat geskeduleer is vir: Die Eiland, Letsitele (9 en 10 Mei); Loskop Forever Resort, Groblersdal (11 en 12 Mei); Alkmaar Farmstay, Nelspruit (15 en 16 Mei); La Montagne, Ballito (18 en 19 Mei); Mentorskraal, Jeffreysbaai (30 en 31 Mei) en Ashanti Estate, Paarl (1 en 2 Junie). Om te registreer, volg **https://events.citrusres.com/product/cri-production-integrated-pest-disease-management-workshops-2023/** en die agenda is hier **https://events.citrusres.com/wp-content/uploads/2023/04/Provisional-Agenda-CRI-Production-IPM-DM-Workshops-May-2023_V2.doc.pdf**